Huis & Haard
Hearth & Home

JAARGANG 69 / VOLUME 2
MEI / *MAY* 2021

HUIS EN HAARD

Amptelike blad van die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland

HEARTH AND HOME

Official magazine of the Cape Women's Agricultural Association


"WINTER IS AN ETCHING, SPRING A WATERCOLOR, SUMMER AN OIL PAINTING AND AUTUMN A MOSAIC OF THEM ALL."
- STANLEY HOROWITZ

HOOFKANTOOR/
HEAD OFFICE
JUBILEUMHUIS/*JUBLILEE HOUSE*
Dorpstraat/street 126
Posbus/P.O.Box 273
Stellenbosch 7599

Tel: 021 886 5064
Faks/Fax: 086 666 5064
E-pos/E-mail: vlv@adept.co.za

KANTOORURE /
OFFICE HOURS
Ma. – Vr./Mon - Fri
08:00 – 13:00

SEKRETARIS/*SECRETARY*
Mariana Jordan

VLVK-PRESIDENT/
CWAA PRESIDENT
Karien van Schalkwyk
Strausslaan 15
Calvinia 8190
Faks: 086 540 0542
Sel: 082 967 7311
deputs@hantam.co.za

WEBWERF/*WEBSITE*
www.vlv.co.za

WEBMEESTER/
WEBMASTER
Marlene Erasmus
Epos:
vlvwebwerf@gmail.com

ARGIVARIS/*ARCHIVIST*
Erika Lubbe
Posbus/P.O. Box 491
Prieska 8940
Sel: 082 338 7862
Tel: 053 353 1018
erika.prieska@gmail.com

H&H-KOÖRDINEERDER/
COORDINATOR
Sandra Nolte
Posbus 560
Hartenbos 6520
Sel: 082 926 4329
wildra2@gmail.com

UITLEG/*LAYOUT*
GertJGagiano

VLVK-TEMA / *CWAA THEME*

BELÊ IN VROUE / *INVEST IN WOMEN*

VLVK-PROJEK / *CWAA PROJECT*

PLASTIEK, ONS VYAND / *PLASTIC, OUR ENEMY*

DIE VLVK-KANTOOR
SAL GESLUIT WEES VANAF
5 JULIE 2021 – 9 JULIE 2021

www.vlv.co.za
Besoek die webwerf vir /
Visit the web site for:

- Registrasievorms vir Kongres 2021
- Nuutste VLVK-pryslys
- VLVK-programleiding

VOORWOORD

VLVK-PRESIDENT
KARIEN VAN SCHALKWYK

Liewe VLV-vriendin

Die afgelope twee jaar vra ons dat in vroue belê moet word. Hoekom juis vroue?

Die nalatenskap van die vrou vandag is so belangrik. Die alombekende gedig van Antjie Krog het my laat besef dat die oorbrugging van generasies en kulture steeds gesetel is in die rol van die vrou en die "moeder"-figuur:

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig sonder fensie leestekens
sonder bywoorde
net sommer 'n kaalvoet gedig
want jy maak my groot
in jou klein krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe.

'n Mens kan nie anders as om in vroue te belê nie: Kyk na die doelgerigte en sterk vroue in die Bybel: Maria, moeder van Jesus; Maria Magdalena, laaste by die kruis, eerste by die graf; Rut die getroue skoondogter; Ragab, sonder haar rol sou Jerigo nie vervuld gewees het nie. Wat nou van Rageltjie de Beer, Moeder Teresa die lys is te lank om op te noem. Hierdie sterk vroue het 'n verskil gemaak in mense se lewens.

Besef ons werklik watter verskil vroue elke dag op mense rondom ons maak? Fokus ons genoeg op die verskille? Vandag se skynbaar gewone take, neem 'n belangrike plek in vir God se beplanning vir ons eie doelgerigtheid. Maar as jy jou hart en gawes toegewyd gebruik in jou rolle, hoe beskeie ook al, sal jy vrede vind in jou bestaan.

Om in die VLV-vrou te belê, is om haar te bewonder vir haar onvoorwaardelike optrede en liefde. Gandhi sê: *"Leef asof jy môre kan sterf en leer asof jy vir ewig gaan leef."*

Die vrou van vandag kry dit reg om al haar balle in die lug te gooi en daar te hou, maar indien sy dit nie elke dag kan regkry nie, wil ek darem ook vir jou daaraan herinner dat niemand perfek is nie.

Om in 'n VLV-vrou te belê, is om haar verhale te vertel, haar deugde oor te dra, haar te onthou vir wie en wat sy is. Vroue is mentors, hulle is soos 'n soutpot wat omval op tafel en in al die groewe tussen die hout gaan lê.

Vroue maak daagliks 'n impak op die mense rondom hulle, maar mense sal dalk eers die

wonderwerke waarvan ons vroue deel was later by terugskoue sien. Somtyds het ons tyd nodig om stil te word en te fokus op die verskil wat ons kan maak. Vroue erken dus ook ander se potensiaal, gee hulle die ruimte om inisiatief te neem en nuwe dinge te probeer. Help om hul verskuilde moontlikhede te ontwikkel. Hul inspireer ander om hulle talente en passie te ontdek en te ontgin tot voordeel van almal.

Dit is binne jou vermoë om mense te inspireer om hulle eie unieke musiek in die wêreld te laat opklink. Ken jy jou mede-VLV-lede? Ken jy hulle drome? Geesdriftige mense is aansteeklik wat deursuurdeeg na al die lede. Dit vereis deursettingsvermoë.

Onthou: 'n goeie belegging benodig beplanning en toerusting.

C.S. Lewis het gesê: *As jy my 10 minute gee om 'n boom af te kap, gebruik ek die eerste 2 minute om my byl te slyp.*

VLVK hét 'n toekoms, 'n rol, 'n bydrae, planne, passie, gewete, 'n droom, talente en 'n behoefte om te dien en te doen.

Ons missie vir die jaar wat voorlê: Gaan terug na jou tak en besin oor wat jy graag wil sien in die VLV se toekoms. Droom groot drome en verwesenlik hulle een vir een deur te BOU aan ons geliefde vereniging sodat ons nog hoër hoogtes kan bereik.

Henry Ford sê: *Coming together is a beginning, staying together is progress and working together is success! Laat dit ons strewe wees!*

Bly veilig en gesond en pas julle, jul gesinne en geliefdes mooi op.

VLVK-liefdegroete uit die Hantam.

Karien

nuwe Sirkelpresident

RENÉ NEL – SIRKEL TYGERBERG

René het in Parow-Noord, digby Kaapstad grootgeword. Matrikuleer aan Hoërskool President, Vrijzee in 1974. Studeer grondslagonderwys aan Denneoord Kollege, Stellenbosch. Sy ontmoet haar man op 'n troue in Brandvlei, Noord-Kaap. Hulle trou in 1977 en word geseën met drie seuns en 'n dogter en twee kleindogters.

Sy is in 'n VLV-huis gevorm. Haar ma, Wilma Hanekom, was 'n VLV-lid en so is die saadjie geplant.

- Sluit aan by Parow-Oos in 1979.
- Dien op takbestuur van 1981.
- Voorsitter van De la Hay-tak in 1990.
- Sirkelbestuur: Tuisteskepping-, Gesondheid- en Kunste en Handvlytsaamroeper, asook visepresident.

Sy gee onderwys vir die laaste 25 jaar en leef haar passie ten volle uit. Elke dag was 'n uitdaging met groot bevrediging. René het 'n positiewe uitkyk op die lewe. Sy deel graag haar VLV-kennis en spoor vroue aan om in hulself te belê. Sy is lief vir kosmaak, resepte uittoets, blomme rangskik, mooi musiek en ballet.

VLV is vir my die "universiteit" van die lewe. Nêrens kan enigiemand so verryk word deur vaardighede, mensekennis en ondervinding op te bou nie.

verkiesing van

VLVK-visepresident: Kandidate

election of

CWAA vice president: Candidates

HANNELIE LOW
SIRKEL MIDDELLAND

2009: verhuis vanaf Gauteng na Port Elizabeth
2010 – tans: sluit by Acqua aan
2011-2012: Landbou en Tuinboutaksaamroeper
2013-2016: visevoorsitter van Acqua en Kunste en Handvlytsirkelsaamroeper
2017-2018: visepresident Sirkel Middelland en Kunste en Handvlytsirkelsaamroeper
2019 –tans: Sirkelpresident van Middelland

Ek beskou myself as 'n vriendelike, opregte persoon met deernis en empatie. Die elf jaar as VLV-lid het ek mense ontmoet en ervarings gehad waarsonder my lewe veel armer sou gewees het. Dis vir my belangrik om verdraagsaam teenoor ander en hul omstandighede te wees, en om SAAM met bestuur EN lede, met opregtheid 'n verskil te maak, om 'n lig vir ander te wees en in moeilike tye te wys daar is mense wat omgee.

Life is good when you are happy – but much better when others are happy because of you.

RIENIE LŰDICK
SIRKEL OVERBERG

Ek is gebore as Carolina Maria van Straaten in Bulawayo in die destydse Rhodesië. Ek het Engels grootgeword en my skoolopleiding in Johannesburg voltooi. Ek is in 1970 getroud met Hannes Lüdick en het drie kinders en ag kleinkinders.

Ons verhuis in 1991 vanaf Potchefstroom na Gansbaai. In 1995 word ek as bestuurder by Gansbaai Sakekamer se toerismekantoor aangestel. My pligte behels die werwing van lede, bemarking van die dorp as 'n moet-sien-toerisme aantreklikheid en -bestemming.

Ek is al dertig jaar 'n trotse lid van Gansbaai, dien op verskeie portefeuljes asook sekretaresse vir 'n hele paar jaar. In 2012 word ek takvoorsitter en in 2014 Sirkelpresident van Overberg. In 2019 word ek VLVK se Kunste en Handvlytsaamroeper.

VLV lê my baie na aan die hart en ek is geseën om 'n VLV-man te hê wat my grootste ondersteuner is. My tak en sirkelbestuur se wonderlike ondersteuning maak alles makliker, en ek is baie dank aan hulle verskuldig.

My vision and mission is to motivate and encourage the younger generation to join our organization which has meant such a lot to me. I would like to see that the Women's Agricultural Association become "young people friendly", where they can come and learn from us "oldies", and feel comfortable in their presence. CWAA will have to renew their vision, make place for a new generation, keep up with modern trends and revise some old rules and regulations. We desperately need to make CWAA a "wow" organization and we need to reach out and invest in our young women.

RENÉE SWANEPOEL
SIRKEL NOORD-KAROO

Opvoeding:
Matrikuleer aan die Hoërskool President in 1976.
BComm HOD Universiteit Stellenbosch 1980.

VLV-ervaring:
1989: Sluit aan by Murraysburg.
1992 – tans: Dien op bestuur van Murraysburg.
2000 – 2006 en 2014 – tans: Voorsitter van Murraysburg.
2005: Verkies tot Sirkel Noord-Karoo bestuur.
2006 – 2016: Sekretaresse van Sirkel Noord-Karoo.
2016 – tans: Sirkelpresident Noord-Karoo.

As iemand wat glad nie vertroud was met VLV nie, is dit al sedert my aansluiting vir my van onskatbare waarde. Ek het vriende gemaak, vaardighede aangeleer en as mens baie gegroei danksy VLV.

Ek is bevoorreg om getroud te wees met 'n ywerige "VLV-man", John. Ek het een lyfkind, Alida, en twee hartskinders, Jan en Sybrand.

Stokperdjies: lees en sosialiseer.

Indien ek verkies sou word as VLVK-visepresident:
- Sal ek voortgaan om die VLV te dien;
- My beywer om veral jonger dames te werf;
- Deur my entoesiasme, huidige VLV-lede te motiveer om lede te bly.

Kompetisie-inligting

CONGRESS / KONGRES 2021 - KIMBERLEY
COMPETITION ARTICLES / KOMPETISIE-ARTIKELS

1. *The first three articles, i.e. 1st, 2nd and 3rd prizes 70% and above, at circle conference qualify and may be entered for congress competition.*
2. *Entries must be the work of bona fide branch members. Work done under supervision may not be entered for congress competition.*
3. *Please fill in the name and full address of the member who created the article, NOT the name of the chairlady or secretary of the branch. Also fill in the name of the branch and circle on the exhibitor's label. Labels are supplied to you by your Lifestyle Convenor during or after circle conference. Please use labels supplied by Head Office.*
4. *If commentary is preferred in English, please write the letter "E" on the left upper corner on the outside of the label.*
5. *Please note: The labels of all garments are to be attached to the inside of the back neckline. All other labels are to be attached to the left upper corner when the back of the article faces you.*
6. *Labels and samples of thread and ribbon used in embroidery, crochet, knitting or weaving must always be attached to the article, even if not asked for in the hints.*
7. *Branch delegates must be supplied with a list of her branch's entries. This is needed for control when she collects the branch's articles at the end of Congress.*
8. *Branches not represented at Congress have to make arrangements, either with a neighbour branch delegate or the Circle president, to collect their articles. (Supply her with a list of articles to be fetched).*

To page 8

Van bladsy 7

9. Vul die etikette korrek in en sorg dat dit korrek toegevou word. Heg die etiket met ‘n stewige draad aan ‘n koperspeldjie en heg aan die leefstylartikel. Moenie die etiket direk aan die artikel heg nie.
10. Heg die etiket met ‘n stewige brei-/ hekeldraad of toutjie met koperspeldjie aan die liasseersakkies waarin K&H-artikels geplaas is, of knoop die etiket om die boekstutte vas. Moenie die etiket direk aan die foto, woordkuns of pasteltekening heg nie
11. Breedvoerige instruksies vir korrekte verpakking en versending van kompetisie-artikels behoort in u taklêer te wees.
12. Artikels word soos volg versend:
    (a) Elke tak versend sy eie pakkie OF
    (b) Die Sirkel se artikels word in een doos versend, MAAR elke tak s’n in ‘n aparte plastiek sak met die Taknaam duidelik bo-op asook die artikels wat in die sak verpak is.
13. Bring die Sirkel- en Taknaam bo-op die pakkie, in die regterkantste hoek, aan.

    LEEFSTYL: Vrydag 13 Augustus 2021 om 12:00

    Adres:
    Marie Dreyer
    Huntstraat 15
    New Park, Kimberley
    Sel nr: 082 413 6726

    Koerieradres:
    Postnet, Noord-Kaap Mall Kimberley
    OF
    PEP, Noord-Kaap Mall Kimberley
    Gebruik Marie Dreyer se adres.
14. Skakel ontvanger om vas te stel of die pakkie ontvang is.

NB – indien iemand die pakkie persoonlik wil aflewer, moet dit by Marie Dreyer se huis gedoen word. Sy kan nie pakkies gaan kollekteer nie. Maak seker dat sy tuis sal wees om dit te ontvang.

NB – parcels are to be delivered at Marie Dreyer’s home, ensure that she will be available at time of delivery. Do not expect her to collect parcels at any other address.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Johlene Muller
VLVK-Leefstylsaamroeper
Posbus 271,
Mosselbaai
6500

Kontaknommer: 082 702 7714
E-pos:
johlenemuller03@gmail.com

KUNSTE EN HANDVLYT:
pos die pakkies vroegtydig sodat die volgende adres nie later as 31 Mei 2021 bereik nie.

Posadres:
Rienie Lüdick
Halfkoordstraat 3, Kleinbaai
Gansbaai 7220

Koerieradres:
PEP Stores Aflewering, 6750
Great White Junction,
Gansbaai 7220

VLVK-Kunste en Handvlytsaamroeper
Rienie Lüdick
Kontaknommer: 028 38 41170 / 081 4438248
E-pos: hanrie@telkomsa.net

Skakel ontvanger om vas te stel of die pakkie ontvang is. Die Kunste en Handvlytartikels word deur verskillende beoordelaars en op verskillende plekke beoordeel, daarom moet dit die adres vroeër bereik.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

sirkel Kalahari

Sirkel Kalahari se projekte, nl. Handjie vat en Lees 'n bietjie lê na aan die hart. Die dames het drie inisiatiewe aangepak. Die Tswana Kinderbybels is aan twee plaasskole uitgedeel. Mussies word vir premature babas gebrei in samewerking met *Beanies4Babies* en *Butterfly Home*.

Beriggewer:
Carien van Niekerk

Liselet Jacobs deel haar pad met borskanker die afgelope veertien maande met **Vryburg**. Sy het geen familiegeskiedenis van borskanker nie. Sy het 'n dubbele mastektomie gekry, maar infeksie het borsrekonstruksie onmoontlik gemaak. Die kanker is met hormoononderdrukkers behandel, maar 'n MRI het getoon dat dit na die hele skelet versprei het. Tans plaas inflammasie drukking op die senuwees. Die newe-effekte van chemo moet opgeweeg word teen die voordele. Sy ervaar intense pyn en moegheid, maar het al geleer dat niks moontlik is sonder geloof nie. Sy het vrede gemaak met haar siekte, maar sal graag haar kinders wil sien grootword. Daar is soveel mense wat omgee. Môre is nie gewaarborg nie, haar raad aan almal is om elke dag voluit te leef.

Liselet Jacobs en Carien van Niekerk
(Gesondheidsaamroeper)

Corlie van Zyl en Esta Twigge (voorsitter)

Sirkelpresident Corlie van Zyl besoek **Vryburg**.

Sy deel die volgende:
Rivers do not drink their own water;
Trees do not eat their own fruit;
The sun does not shine on itself and flowers
do not spread their fragrance for themselves.

Living for others is a rule of nature, we are born to help each other,
No matter how difficult it is ... Life is good when you are happy;
but much better when others are happy because of you.

sirkel
Kalahari

Marietjie Steyn en Dorette Visser

Dorette Visser vertel aan **Vryburg** hoe haar leerhandsakke met die hand gemaak word.

Beriggewer: Nellie Viljoen

sirkel
Middelland

Sirkelpresident, Hannelie Low berig:

In ons lewens word ons soms verfrommel, laat val en in die grond getrap deur omstandighede wat oor ons pad kom en besluite wat ons maak.

Covid en kie het baie van ons ontneem en ons behoorlik gebombardeer met buitengewone omstandighede. ‘n Nuwe hoofstuk van die “nuwe normaal” het afgeskop. In hierdie uitdagende omstandighede het **Sirkel Middelland**-lede baie geleer en maniere gevind om kontak met mekaar te hou.

Sirkelbestuur, asook sommige voorsitters, het video’s van bemoediging, uitdagings, gelukwense en demonstrasies op die Middelland *Facebook* blad geplaas. Hierdie video’s is ook, per *WhatsApp*, aan lede gestuur wat nie toegang tot *Facebook* het nie.

Lede het ook ywerig foto’s van hulself, met die tema, “Gepantser met Maskers”, gestuur. ‘n *Collage* is van al die spogfoto’s gemaak en ook op *Facebook*, asook die VLVK-webwerf geplaas.

Bydraes vir Droogte- en Dierehulp, asook die brande in die Noord-Kaap en Vrystaat, is deur takke ingesamel.

sirkel

Middelland

Sirkel Middelland is die hoofborg vir die ontwikkeling van die *Hearts4Art* webblad (www.hearts4art.co.za) vir die jaarlikse aanlynkunsveiling van kunswerke ten bate van KANSA. Sommige lede het hul kunstalente ingespan vir hierdie unieke en besonderse *Bodice Art*.

Sirkel Middelland streef om die lewenspakkies wat aan elkeen van ons uitgedeel is te aanvaar en om dankbaar te wees vir nog 'n kans om ons lewens, en die van ander, te verbeter en positief te beïnvloed. Dit is belangrik om te onthou dat, dít wat op jou tafel is, nooit belangriker mag wees as hulle wat om jou tafel is nie, want elke goeie daad vermenigvuldig die goeie gesindheid en liefde wat ons nodig het, asook die waardering vir mekaar én ander se menings, gedagtes en gevoelens.

Hannelie sluit af met die volgende: *Dis ons verantwoordelikheid om mekaar virtueel aan te raak, en so mekaar se harde dae sagter te maak.*

Bo: Welda Lategan leer **Steytlerville** om macramé te vleg.

Beriggewer: Zandra Hampson

Onder: **Steytlerville** se eerste vergadering vir 2021 het vier nuwe lede aangesluit.

sirkel

Namakwaland

IN MEMORIAM

Aletta Maria Nel
28.05.1945 – 03.01.2021

Myrtle Beukes
05.08.1931 – 24.12.2020

Vredendal, Sirkel Namakwaland

Riaan van der Walt (skoolhoof), Sophie Malan en mev. Van der Walt

Vredendal fokus op die boelie-aspek, asook die uitdagings wat leerders met fisiese gestremdheid in hoofstroomskole het.

Beriggewer: Anneline Beelders

sirkel

Noordwes-Kaap

Gedurende die grendeltyd het die takke virtuele demonstrasies gehou:

- **Landbou:** die maak van 'n feetjietuin en 'n Spekboom inligtingsessie.
- **Leefstyl:** lede se spog artikels, soos dooprokke en handsakke is vertoon.
- **Gesondheid:** gesonde leefstyl en stapoefeninge is met behulp van 'n video vertoon.
- **Openbare Sake:** 'n besoek aan "Wieg van die mensdom" is met behulp van 'n video gedoen.

Takke het in grendeltyd op allerhande maniere in sekere behoeftes voorsien:

- Geskenkbewyse vir skoolklere aan behoeftige gesinne.
- Skryfbehoeftes aan Lief en Leerskooltjie.
- Voedsel aan 'n gesin.
- Deel Kersgeskenke in die woonbuurt uit.
- Die maak en uitdeel van lapmaskers.
- Die skoonmaak van middelmannetjies, parke en tuine saam met AfriForum.

Beriggewer: Corrie Liebenberg

sirkel

Noordoos-Kaap

Dordrecht kuier by Flip en Marietha Swart waar hy demonstreer hoe om ’n skaap te ontbeen.

Links: Pieter Rossouw, Herman van Niekerk, Bertha Rossouw, Anna van Niekerk, Gerhard en Martha Schmidt, Lenie Fourie, Antoinette van Pletzen, Elize Oosthuizen en Jannie van Pletzen.

Voor: Ninke en Willem Venter met hul twee dogtertjies.

Lenie Fourie vertel aan **Dordrecht** hoe om vrugte suksesvol in te maak. Sy gebruik verkieslik erdepotte of vlekvrye staalkastrolle en nie aluminiumkastrolle nie. Vrugte moet verkieslik nog ‘n bietjie groen wees, en as die vrugte baie soet is, gebruik ‘n bietjie minder suiker as wat die resep vereis. Nadat die produkte in die bottels gesit is en al die lugborrels uitgelaat is, moet die bottels onderstebo neergesit word om af te koel. Sorg dat daar genoeg stroop in die bottels is.

sirkel

Noordoos-Kaap

Links: **Sirkel Noordoos-Kaap** hou hul 89ste "grendel-konferensie" te **Molteno.** Irma Davel (Sirkelpresident) en Daniël de Kock (gasspreker)

Regs: Rae Andrews (**Molteno**) was die dankie-persoon en ontvang haar 60-jaar-kenteken. Nita de Wet (regs)

Sirkel Noordoos-Kaap sirkelbestuur.

Voor: Lenie Fourie (Dordrecht), Irma Davel (Molteno), Antoinette van Pletzen (Dordrecht) en Isabel du Toit (Lady Grey).

Agter: Megan Moorcroft (Sterkstroom), Helen Noorman (Molteno), Adele Richardson (Sterkstroom), Wanda Barnes en Retha Peens (Queenstown). Afwesig: Marieka Bekker (Lady Grey).

sirkel

Noordoos-Kaap



Die **Sirkelpresident van Noordoos-Kaap** en VLVK-Openbare Sakesaamroeper, Irma Davel van Molteno, het haar Doktorsgraad in Musiek ontvang. Die studie het gegaan oor: *The Unifying effect of music in a community. A case study of the Lady Grey Passion Play.*

Irma het in Theunissen grootgeword. Sy behaal haar B.Mus, Honneurs, M.Mus. en nou die Ph.D. aan die Vrystaatse Universiteit. Sy het haar loopbaan as musiek-opvoeder in Pretoria begin, en is tans musiekonderwyser op Burgersdorp.

Sedert 2002 raak sy betrokke by Lady Grey se Passiespel. Haar twee seuns en skoondogter het verskeie kere hoofrolle daarin vertolk.

The Lady Grey Arts Academy, founded in 1996, is one of a few schools in Lady Grey, a small town in the Eastern Cape. The school initially functioned as a Model C school for Afrikaans-speaking white learners who attempted to keep their status. However, children from all over the country wanted to study the arts, and soon the Academy accommodated all races. However, conflict arose between the Academy community and the residents of the town. This conflict was the catalyst for initiating the Lady Grey Passion Play (a community project similar to the one in Oberammergau, Germany) to try to find a solution to unify the community. The initial group consisted of educators of the Lady Grey Arts Academy, members of the Methodist Church, Dutch Reformed Church and the Anglican Church, local business people, members of the Lady Grey Town Council and the local Tourism Board. The Lady Grey Passion Play was launched in 2002 and has been presented every year since (except 2020 when the Covid-19 pandemic prevented the staging of the Play). It consists of actors, musicians, choir members and narrators from different demographic backgrounds and social status, all being members of the Lady Grey community. The last few days of Jesus Christ's condemnation and crucifixion is portrayed over three days from the Friday until the Sunday of the Easter Weekend in different venues all around Lady Grey.

With her thesis Irma focuses on the extent to which music, as an integrated part of a community project between church and school, can be instrumental in building bridges in a diverse community. With this research into the unifying effect of music, Irma augments current scholarship regarding the degree to which positive social transformation may be effected through the hosting of an annual community project – in this case the Lady Grey Passion Play. Using a qualitative method approach, conducting semi-structured interviews and observation as data collection methods, the study corroborates and reinforces the argument that selectively included.00000000. music in community projects can contribute to inculcating positive change regarding mutual respect, reciprocity, group forming, cohesiveness and positive energy, thereby lessening potential conflict in a heterogeneous community.

Beriggewer: Antoinette van Pletzen

sirkel

Noordoos-Kaap

Dordrecht se uitstappie was na Rotondo die okkerneutplaas waar Percy en Bonita die dames rondgewys het.

Okkerneute is nie inheems aan Suid-Afrika nie. Die Industrial Development Corporation (IDC) het in 1997 begin studies doen oor die kweek van okkerneute. Die plaas Rotondo naby Aliwal-Noord, langs die Oranjerivier was die eerste kommersiële plaas wat 500 hektaar okkerneute in Suid-Afrika aangeplant het. Die meeste okkerneute word uitgevoer.

Die bome kan binne tien jaar hul volle potensiaal bereik. In 2000 is die eerste 12 ha potloodgrootte boompies geplant wat van Spanje ingevoer is. Die bome was 5 tot 8 cm hoog en dit moes behandel word om die groeipatroon van die Noordelike Halfrond na die Suidelike Halfrond te verander. Die vermeerdering van bome word nou gedoen deur die enting en botselvorming van geselekteerde materiaal op wortelstokke. In totaal is 490 ha (74 000 bome) tussen 2000 en 2008 waarvan 85% selfgekweekte in vitro-bome gevestig is. Elke boom het daagliks 400 liter water nodig, wat deur besproeiing uit die nabygeleë Oranjerivier verkry word. Verskeie kleure neute, dis die inhoud binne-in die doppe, is te sien, nl. swart, bruin, rooi en die gewone roomkleur. Die spasie tussen die bome is 8 x 8 meter. Die graspad tussen die rye bome word gereeld met grassnyers gesny. Die gesnyde gras is 'n bron van organiese materiaal en verminder erosie na swaar reën. Die peste en plae, bv. roes, kodlingmot, miet, skubbe, en bolwurm word gemonitor. Haelskade is 'n groot risiko. Oestyd begin vroeg in Maart en duur tot die einde van April.

Percy en Bonita Watkins

Links: *Okkerneute word meganies met 'n afdopper- en skudmasjien geoes. Die rypmaak-fasiliteit is 'n eerste vir die okkerneutbedryf wêreldwyd. Hiervoor word sonkrag gebruik om die humiditeit te beheer. Okkerneute word vir kook en bak gebruik.*

Regs: *Die was- en klasseringproses.*

sirkel
Overberg

Kleinmond sorg vir dié in die voorste linie.

Vanjaar was dit met groot dankbaarheid dat daar melkterte afgelewer is by al die instansies wat in die voorste linie teen die Covid-19 geveg het.

Marie Thomas (links) lewer by die Gerimed Versorgingseenheid af.

Marianne de Wet (links) lewer by die dokters se spreekkamers af.

Hermien van Zyl, Brenda Neethling, Annie Jooste, Malinda Hugo, Marie Thomas en Alice van Rooyen by **Kleinmond** se pakkies voordat dit saam met Sirkel Overberg se bydraes aan droogte- en brandgeteisterde gebiede gestuur is.

sirkel

Overberg

Kleinmond oorhandig 'n toekenning aan Gerhard Grobbelaar van die dorpskoerant *Die Overstrand Herald* wat sy 21ste bestaansjaar vier. Alice van Rooyen (regs) die tak se mediapersoon, het die koerant geloof vir die wyse waarop hulle help om Kleinmond se geskiedenis te dokumenteer, asook die tak se geskiedenis.

Ina Grobbelaar (links) ontvang 'n geskenkpak.

Kleinmond se dagbestuur.
Agter: Annie Jooste (visevoorsitter), Hermien van Zyl (sekretaresse) en Ria Coetzee (tesourier)
Voor: Louise Bruwer (voorsitter)

Beriggewer: Hermien van Zyl

sirkel

Overberg

*The Overberg Circle President Rienie Ludick (left) and chairperson of **Gansbaai**, Annette van Eeden, chairperson of **Bredasdorp**, right, attended the State of the Western Province Address 2021 by Allan Windie (middle) in Genadendal.*

Reporter: Marianna Mostert

Annette van Eeden (voorsitter, **Bredasdorp**) deel kolwyntjies aan bejaardes uit.

Careen Cooper demonstreer aan **Bredasdorp** hoe om 'n masker van papiermaché te maak.

Beriggewer: Letty-Ann Möller

sirkel

Paarl

"MILES APART BUT TOGETHER"

MALMESBURY
VLV
2020

Malmesbury se lede gemasker vir 'n vergadering.

IN MEMORIAM

Rita Franzen
21.11.1926 - 10.01.2021
Strand, Sirkel Paarl

Alice Swanepoel
06.01.1957 - 02.01.2021
Slot-van-die-Paarl, Sirkel Paarl

sirkel Paarl

Blomkranswerkswinkel is deur Judy Jooste van Fleur With Grace aangebied.



Mia Louw (voorsitter) gee wenke om Sudoku baas te raak.

Beriggewer: Christine van Zyl

Slot-van-die-Paarl se 2019 kompetisiewenners: Marizanne Lombaard (hoogste punte in Leefstyl en Kongresskild vir borduurwerk), Alice Swanepoel (Kunsvlyt) en Aletta Keyser (vlytigste lid)

Beriggewer: Annalise Loubser

Voor: Susie se Kock (Leefstylsaamroeper), Marinda Rall (Sirkelpresident) en Johlene Hall (voorsitter)

Agter: Annamarie Jonker (sekretaresse) en Ruda Smit (Landbou en Tuinbousaamroeper)

Beriggewer: Hettie du Plessis

sirkel

Paarl

Klein Drakenstein besoek die historiese plaas Grand Roche in die Paarl. Die plaas dateer vanaf 1707 en die oorspronklike perdestalle is gerestoureer en in luukse gasteverblyf omskep. Die historiese slawekapelletjie met sitplek vir dertien mense is deur die oorspronklike eienaar vir die slawe opgerig.

sirkel

Suid-Ooskus

Thea Marx van die *Private Care* Ambulansdiens het **Humansdorp** van hul werksaamhede vertel. Sy self het ook Covid gekry as gevolg van haar nabye kontak met positiewe pasiënte. Sy verduidelik hoe die *App* op *Android*-selfone werk. Laai *Private Care* van *Playstore* af en vul jou besonderhede in. As jy vermoed jy kry 'n hartaanval of beroerte, druk die rooi knoppie op die App en jy word direk na die kantore deurgeskakel. *Private Care* het twee ambulanse wat Jeffreysbaai bedien en die ander vyf bedien die res van die gemeenskap. As jy 'n hartaanval of beroerte kry, sal die dokter deur die hospitaal self geskakel word. In ons omgewing is *Mercantile Hospitaal* in Gqeberha (Port Elizabeth) die enigste hospitaal wat ingerig is om hart of beroerte "reversal" prosedure te doen.

Hartaanval:
- Skielike beklemmende pyn in die middel van die borskas (soms as ernstige slegte spysvertering beskryf) wat na die arms, keel, kakebeen of rug versprei.
- Skielike dronkheid of lighoofdigheid of begin sweet.
- Vel kan bleek wees en lippe blou word (sianose)
- Kortasemigheid kan voorkom.
- Vinnige pols wat swakker en ongereeld word.

Beroerte:
- Skielike ernstige hoofpyn.
- 'n Vol, bonsende pols.
- Die pasiënt kan gedisoriënteerd, verward en angstig wees.
- Lighoofdigheid en moontlike bewusteloosheid.

Humansdorp oorhandig aan die volgende lede hul jaarkentekens:

Agter: Linda du Raan (25), Paula Johnston (20) en Nanette Stanley (35)

Voor: Amelia du Plessis (50) en Irene Oosthuizen (55)

Louise Bakkes en Charmaine Koch

Louise Bakkes vertel aan **Humansdorp** van haar liefde vir diere. Sy werk nou saam met die DBV. Die DBV is afhanklik van donasies, soos die VLV wat gereeld honde- en katkos, skoonmaakmiddels, swart sakke, koerante, ens. aflewer. Dr. Kriel, veearts, doen vrywillig immunisasie en sterilisasies.

sirkel

Suid-Ooskus

Nanette Stanley demonstreer hoe om klippies met inspirerende boodskappe daarop te verf. Maak die klippe goed skoon. Die vorm van die klip bepaal wat daarop geverf word. Akriliese- of PVA-verf kan gebruik word of met 'n permanente pen. Dit word met vernis geseël.

Hierdie nuwe stokperdjie is in 2015 deur Megan Murphy van *Cape Cod* begin. Die klippe word langs wandelpaaie geplaas, wanneer iemand dit kry word daar 'n foto geneem en op *Facebook* geplaas. In die grendeltyd het mense boodskappe in familie en vriende se tuine gelaat.

Beriggewer: Ora Schreuder, ***Humansdorp***

IN MEMORIAM **Felicity Bellingan 12.04.1939 – 17.12.2020**
Jeffreysbaai, Sirkel Suid-Ooskus

sirkel

SWD

Alta Cloete en Mona van Vuuren (voorsitter)

Die roman, *Eintlik Alles*, 'n moderne liefdesverhaal en tradisionele plaasromanse, is begin skryf deur die oorlede skryfster Ronelle Uys. Haar dogter, Lisa, het die onvoltooide manuskrip op haar rekenaar, kort na haar dood, ontdek. Die skryfster Alta Cloete (skuilnaam Marilé Cloete) het die boek voltooi.

Beriggewer: Liesel Buitendag, ***Blanco***

sirkel
SWD

Klein-Brakrivier leer om seep te maak.



Klein-Brakrivier se nuwe vaandel is deur Cecilia Pieterse gemaak.

Ina Greeff, **Klein-Brakrivier**, ontvang haar 50-jaar-kenteken.

Beriggewer: Lydie Terblanche

sirkel
SWD

Ina Scholtz (regs)

André Britz, projekbestuurder van *Jobs for Carbon*, waar spekbome hervestig word, op **Vanwyksdorp**, stel Ina Scholtz aan die woord. Sy het groot geword in Plathuis, Ladismith. Na skool vestig sy haar op Worcester. As gevolg van 'n gehoorgestremde kind, raak sy betrokke by die Skool vir Dowes en begin 'n kwekery. Ongeveer 18 jaar gelede verhuis sy na George waar sy as landskapsargitek werk. Sy wyk uit na Vanwyksdorp en raak betrokke by J4C waar sy tans hul kwekery (# Spekkies) behartig. Saam met J4C, sien sy 'n leemte raak onder die plaaslike skoolkinders. So word die "Omgewingsopvoedingprojek" begin waarvan Ina die projekbestuurder is. Tans bedien hul tien landelike skole vanaf Uniondale tot Montagu. Hulle neem die kinders op kampe en daguitstappies. Hulle leer die kinders van die natuur, selfwaardes en ontwikkel leiers. Op die oomblik is die projek die suksesvolste wat deur die Wêreld Unie befonds word.

Beriggewer: Lizelle Bruce

Daan du Toit, skoolhoof van Laerskool Park, lig **Voëlvlei** in oor die effek van die pandemie op die onderwys. Verlede jaar was 'n tyd van onsekerheid, groot aanpassings en nuwe denke oor onderrig in skole. Finansiële probleme en virtuele onderrig, asook tuisonderrig, was van die onmiddellike struikelblokke wat oorkom moes word. Die invloed van die dra van maskers en gebrek aan sosiale verkeer onder leerders het steeds 'n baie negatiewe effek. Die feit dat leerders die helfte van die voorgeskrewe onderrigtyd en die persoonlike interaksie met onderwysers en maats moet ontbeer, dra ook by tot groot onsekerhede.

Aanpassings met die "nuwe normaal" het beteken dat leerders nie toegang gehad het tot ondersteuning en terapie nie. Ouers is die taak opgelê om hul kinders te ondersteun en dit terwyl almal nie heeltemal opgewasse daarvoor is nie.

Al is die stand van onderwys in Suid-Afrika van die laagste in die wêreld, is daar tog baie positiewe dinge geleer in die proses. Groter waardering vir die lewe, gesondheid, goeie struktuur in baie van ons skole, die waarde van goeie gesinsverhoudinge en die uitdaging tot nuwe denke. Die belangrikste aspek bly steeds dat opvoeding en respek by die huis begin.

Beriggewer: Elize Locke

sirkel SWD

Oudtshoorn ontvang 'n toekenning van uitnemendheid van die Minister van Landbou Wes-Kaap.

Memory Booysen (Edendistrik Burgemeester), Valeria Terblanche (voorsitter), dr. Ivan Meyer (Minister van Landbou Wes-Kaap), Boop van de Haar (sekretaris) en Chris McPherson (Burgemeester Oudtshoorn)

Beriggewer: Valeria Terblanche

sirkel Weskus

Moorreesburg se bestuur:

Agter: Emma van der Merwe, Annalida van Loggerenberg, Nella Nel, Aletia van Heerden, Adele du Toit, Helma van Greunen, Annemie Bester.

Voor: Martelize Britz, Anna Slabber (voorsitter) Elaine Coetzee

Beriggewer: Martelize Britz

sirkel

Weskus



Ingrid Jonker

Carol van Zyl lig **Graafwater** in oor die lewens van Ingrid Jonker en Vincent van Gogh. Jonker, haar ma, suster en ouma swerf rond tussen verblyf in die Strand. Sy was ag jaar oud toe haar ma in Valkenberghospitaal opgeneem is en toe sy 11 was, sterf haar ma aan kanker. Op 16-jarige ouderdom verskyn 'n gedig van Ingrid in die Klein Burger.

Haar eerste digbundel verskyn op 22-jarige ouderdom. Die gedig, Die Kind word in verskeie tale vertaal. Sy sterf op 31-jarige ouderdom toe sy selfdood pleeg.

Van Gogh verlaat skool op 15-jarige ouderdom. Hy werk by 'n kunsgalery en was 'n evangelis, maar niks werk vir hom uit nie. Sy broer betaal sy kunslesse en Vincent verhuis na Nederland en Parys. Hy het selfdood gepleeg.

Beriggewer: Marina Visser

Vincent van Gogh

Sirkel Weskus se bestuursvergadering is te Piketberg gehou. Elsabe Carstens (Sirkelsekretaris), Estelle du Plessis (Sirkelpresident) en Marié Grobbelaar (Sirkel visepresident)

Beriggewer: Maggie Enever

Magda Kotze deel wenke vir goeie gewoontes met **Graafwater**.

- Sit jou foon en televisie af twee ure voor jy gaan slaap.
- Gebruik eers tegnologie twee ure nadat jy wakker word.
- As jy opstaan, maak jou bed op.
- Pas die M (moving), B (breathing), I (intension) en P (pray) metode toe.
- Beweeg, doen asemhalingsoefeninge en beplan jou dag.
- Monitor wat jy dink. Wees positief en doen take dadelik.

Na al hierdie motivering het die lede die geleentheid gekry om visieborde te maak. Dit was 'n genotvolle aktiwiteit wat lede aanmoedig om onder andere nuwe vaardighede te leer en tyd te maak vir hulleself.

Beriggewer: Marina Visser

sirkel

Weskus

Langebaan reik uit na *Atlantic Medical Response – West Coast.*

Foto 1:
Louna Niehaus (Gesondheidsaamroeper), Elmine Archibald en Alta Dednam

Foto2:
Danksy SPAR Langebaan wat die bederfpakkies geborg het, kon die dames dit uitdeel aan die personeel van Gerimed Aftree-oord. 'n Oulike idee was om SPAR se advertensieblaaie te omskep in sakkies.

Riana Pienaar (Landbou en Tuinbousaamroeper) en Cornelia van Rooyen (Opvoeding en Kultuursaamroeper)

Foto 3:
Magda Smit (saamroeper) en Corlia Basson het die SAPD se bederfpakkies aan kaptein De Wet en sy span oorhandig.

Foto 4:
Cynthia Huysamen, Nienkie Goussard en Carla Snyman deel die bederfpakkies by Langebaan Kliniek uit.

Beriggewer: Cynthia Huysamen

1

2

3

4

sirkel

Weskus

Porterville bestuur het penne versier wat aan gesondheidspersoneel uitgedeel is.

Huis Nerina se siekeboeg personeel

Mary-Ann van Schalkwyk (voorsitter) by 'n personeellid van die plaaslike siekeboeg.

sirkel

Weskus

Bo: Lapa Munnik se kliniekpersoneel.

Regs: **Porterville** verf vullisdromme vir die dorp. Kunstenaars, Joey Koen, Anneke Smuts en Monique Nienaber het aan die inisiatief deelgeneem.

Beriggewer: Marietha Swanepoel

St Helenabaai kuier oor drie kontinente, nl. Japan, Zanzibar en Frankryk.

Links: Susan Engelbrecht (94 jaar jonk) steek die Vriendskapskers aan.

Regs: Maggie Enever en Elize Knoetse het met kaas, wyn en brood deur Frankryk getoer.

Beriggewer: Maggie Enever

EVERYONE MUST TAKE TIME TO SIT AND WATCH THE LEAVES TURN.
— Elizabeth Lawrence —